Die evangelie volgens

# MARKUS




Geloof in die
STORM
MARKUS 4:35-41



1 Jesus het weer die mense langs die see
begin leer. 'n Baie groot menigte het by
Hom saamgedrom, sodat Hy op die see in
'n skuit gaan sit het. Die hele menigte was
langs die see op die strand.

MARKUS 4:1


10 Toe hulle alleen was, het die mense
wat saam met die twaalf by Hom was,
Hom oor die gelykenisse uitgevra
MARKUS 4:10

35 Laat daardie middag sê Jesus vir sy
dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.”
36 Hulle het toe die mense wat daar was, daar
laat bly en Hom saamgeneem in die skuit
waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander
skuite by. 37 Skielik het daar 'n groot storm
losgebars, en die golwe het in die skuit
geslaan, sodat die skuit al begin vol word het.

MARKUS 4:35-41


38 Jesus het op die bank in die agterstewe gelê
en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê
vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons
vergaan nie?”
39 Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir
die see: “Hou op! Bedaar!”
Die wind het gaan lê en daar het 'n groot
stilte gekom.

MARKUS 4:35-41



40Toe sê Hy vir hulle: "Waarom is julle
bang? Het julle dan nie geloof nie?"
41Hulle is met groot ontsag vervul en het vir
mekaar gesê: "Wie kan Hy tog wees dat
selfs die wind en die see Hom
gehoorsaam?"

MARKUS 4:35-41


Geloof is om te
weet by Wie ons is


Geloof in die
STORM
MARKUS 4:35-41